

'n Ondersoek na die siening van wyle professor H P Wolmarans oor kerk en kultuur

L J Strauss & S J Botha¹
Departement Kerkgeskiedenis
Universiteit van Pretoria

Abstract

An examination of the views of the late Professor H P Wolmarans on church and culture

This article endeavors to sketch H P Wolmarans' view of the interaction between Christian belief and Afrikaner culture in it's fullest extent. He was lecturer since 1935 to 1959 and dean (1957-1959) of the Faculty Theology (Division A) at the University of Pretoria. His 1938 article "Die godsdiens in ons kultuurstryd" ("Religion in our cultural struggle") as published in Die Almanak is serves as the point of departure of this review. It is coloured with information about his life and ideas as was obtained from both interviews with family members and former colleagues and articles written by Wolmarans. This article shows that Wolmarans did not practice civil theology. He consistently argued on the basis of Emil Brunner's dialectical theology that the political life of Afrikaners should be built on principles of Scriptures. He did not used the church or theology to serve secular ambitions.

1. INLEIDING

Die verhouding tussen kerk en staat en kerk en kultuur is tans weer onder die soeklig weens die veranderde staatkundige bedeling in ons land sedert 1994. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sowel as ander kerke moet hulleself opnuut oriënteer ten

¹ Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n deel van die skripsie, "'n Ondersoek na die siening van wyle professor H P Wolmarans oor die kerk en kultuur" ingedien as deel van die vereistes vir die graad MTh (2002), Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr S J Botha. Finansiële hulp deur die NRF word hiermee met dank erken.

opsigte van hulle roeping in die land en wêreld. Die kerk se taak kan nooit verander nie. Die omstandighede waarin die kerk sy taak moet verrig verander egter soms vinniger as *van geslag tot geslag*.

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het in 1995 besluit dat die Kerk wel 'n kultuurtaak het. Dit was die eerste Algemene Kerkvergadering in die nuwe landsbedeling. Die Hervormde Kerk wat kerk onder die Afrikanervolk wil wees het die bedreiging teen die Volkskultuur raakgesien en gevra waar hy self daaromtrent staan. Die Hervormde Kerk het op dieselfde vergadering ook besluit om aan die Hervormde Dosentevergadering opdrag te gee om 'n navorsingsprojek te loods oor die vraag of die kerk 'n kultuurtaak het (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika [= NHKA] 1995:62). Die Dosentevergadering se navorsingsprojek het in 1996 uitloop op die publikasie van 14 artikels vanuit die verskillende vakdissiplines in die *Hervormde Teologiese Studies* (Jaargang 52). Daar het geen verslag van die Dosentevergadering in die daaropvolgende Agenda van die 65^e Algemene Kerkvergadering verskyn nie. Daar is bloot verwys na die navraag van die Sekretaris in die Kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daaromtrent (NHKA 1998:48). In die Notule is wel 'n antwoord van die Dosentevergadering op die vraag: *Het die kerk 'n kultuurtaak?* opgeneem. Dit stem woordeliks ooreen met die antwoord en gevolgtrekking van Van der Merwe (1996:688, 689, 691).

Opvallend in al 14 artikels is dat nie 'n enkele navorser die siening van wyle professor H P Wolmarans geraadpleeg het nie. Sy vakgebied was Godsdienswetenskap en later ook Sendingwetenskap. Hy was vanaf 1935 tot 1937 dosent aan die Fakulteit Teologie (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria; vanaf 1938 professor en vanaf 1957 tot 1959 met sy aftrede, dekaan van die Fakulteit. Van 1961-1967 was hy dosent in Ou Testament aan die Stoffberg-Gedenkskool waar swart predikante opgelei is. As outeur van verskeie artikels in die kerklike tydskrifte waarin die onderwerp kerk en kultuur behandel is, was hy juis die dosent wie se bydraes, 40 jaar ná aftrede (toe die onderwerp wéér relevant geword het) minstens geraadpleeg moes word (kyk literatuurverwysingslys onder Wolmarans, H P).

In die Agenda vir die 66ste Algemene Kerkvergadering beweer 'n neefskind dat Professor Wolmarans en andere 'n (pseudo-) teologiese basis vir apartheid verkondig het

(NHKA 2001: Bylae E[3], 9. *Opmerking LJS*: Let op dat die vakgebied van prof Wolmarans verkeerd aangegee word as Dogmatiek in plaas van Godsdiens- en Sendingwetenskap; *Afrikanerfamilies* 1993:175; en Storm 2001:22).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika of sy ampsdraers word deesdae dikwels van burgerlike teologie beskuldig of daarteen gewaarsku (Van der Merwe 1996:689; Oberholzer 1993:882). Die vraag kom na vore hoe Wolmarans se sieninge beoordeel behoort te word.

2. NAVORSINGSDOEL

Hierdie artikel poog om die siening van H P Wolmarans oor kerk en kultuur soos dit na vore kom in sy skriftelike nalatenskap in die kerklike tydskrifte weer na vore te haal in die gesprek. Sy artikel *Die godsdiens in ons kultuurstryd* (Wolmarans 1938b) word as vertrekpunt geneem. As lid van die “ou Fakulteit” (Van Zyl [1974]:183, 184 se tegniese term vir die eerste vier Hervormde professore) is dit belangrik om veral in ’n tyd waarin die fakulteitsafdeling gedwing is tot eenwording en selfs moontlik deelname aan ’n ekumeniese fakulteit, weer sy (en sy kollegas) se stemme te hoor. Wanneer die tyd kerkhistories daarvoor ryp is sal ’n volledige teologiegeskiedenis van die Hervormde Kerk se eerste professore geskryf moet word.

Hierdie artikel is dus nie ’n poging tot ’n biografie of volledige tipering van Wolmarans se teologie nie. ’n Baie kort lewenskets word wel gegee. Meer besonderhede kan gelees word in wat reeds in hierdie verband gepubliseer is (bv Van Zyl [1974]).

Daar is gepoog om ook inligting wat nog nie oor H P Wolmarans gepubliseer is nie by wyse van onderhoude te versamel. Onderhoude oor die lewe en werk van H P Wolmarans is gevoer met twee van sy dogters en twee eertydse kollegas (Engelbrecht 1999; Pohl 2001; Pont 1999b en Wondergem 1999).

3. TERMINOLOGIE

Dit is belangrik om volkome duidelikheid te hê oor die betekenis van woorde en begrippe wat in hierdie artikel gebruik sal word asook dié wat deur professor Wolmarans gebruik is.

3.1 Skrywer se spelwyse

Skrywer self spel *Kerk* en *Volk* met 'n hoofletter waar die *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* en die *Afrikanervolk* bedoel word en *kerk* met 'n kleinletter waar na die *kerk in die algemeen* verwys word (Taalkommissie 1984:30). Waar skrywer aanhaal, is die oorspronklike spelwyse behou.

3.2 Wolmarans se gebruik van die term *godsdiens*

Geoordeel aan die inhoud van die hoofartikel onder die soeklig (Wolmarans 1938b) kon Wolmarans net sowel gepraat het van die *geloof* of die *kerk* se rol in die kultuurstryd van die Afrikaner. Sy term *godsdiens* is 'n gelade term binne die Dialektiese Teologie, veral by Karl Barth. Wolmarans word beskou as die man wat die Dialektiese Teologie aan die Fakulteit ingedra het. “Teologies moet hy by die dialektiese groep geplaas word, hoewel hy nooit 'n grondige studie van Barth gemaak het nie. Die godsdiensfilosofie van Brunner veral het hy deeglik geken en van hom ook geleer dat teologie van die kerk slegs teologie van die Woord kan wees” (Van Zyl [1974]:189). Dit wil egter voorkom of die tegniese verskil wat binne die Dialektiese Teologie tussen die terme *godsdiens* en *geloof* gemaak is by Wolmarans verbygegaan het, of dat hy so aan die begin van die Dialektiese Teologie staan dat dit nog nie 'n kwessie is nie.

Wolmarans bedoel met *godsdiens* die Christelike geloof. 'n Eertydse Afrikaanse verklarende woordeboek – 'n dekade ná die artikel, 15 jaar ná die vertaling van die Bybel in Afrikaans – bevestig hierdie gebruik van die term: “godsdiens, -te, aanbidding van God, geloof, erediens, waarheid” (Kritzinger 1947:163), alhoewel die woordeboek se meervoudsaanduiding sinneloos is. 'n Vroeëre Nederlandse woordeboek (Beets & Muller 1900:265) verklaar *gods-dienst* onder andere as “Godsvereëring, als collectieve benaming voor uiterlijke verrichtingen, waarmede men naar de begrippen of de voorschriften eener bepaalde gemeenschap, de godheid eert”.

In sy lesings het Wolmarans *religie* gebruik om te verwys na ander godsdienste (Argiefbewaarplek P5-1.3).

3.3 Wolmarans se gebruik van die term *kultuur*

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat, soos die *Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal* (Odendal 1979:625) dit beskryf, *kultuur* die begrip is wat die ganse geestelike besitting van 'n volk op elke terrein omvat. Uit navorsing vir hierdie studie blyk dit duidelik dat dit ook die betekenis is wat H P Wolmarans aan kultuur gegee het. Hy bespréék egter nie die term *kultuur* in enige van sy artikels nie.

Kritzinger (1947:282) definieër “*kultuur, -ture*, beskawing; ontwikkeling; veredelning; aankweking; verbouing”. Dit stem ooreen met Beets & Muller (1900:2168, 9). Die ontwikkelingsgedagte kom duidelik by Wolmarans na vore in sy siening van die kultuurstryd van die Afrikaner, sy sendingvisie en sy siening van die rasseverhouding in Suid-Afrika. Kultuur sluit kragtens bogenoemde definisies ook politiek in. Dit sal ook blyk uit die ondersoek na Wolmarans se artikels. Die gevaar is egter dat veral in die huidige tydsgewrig met sy kontroverse, dit na net politiek verskráál sal word. Vir Wolmarans was die geloof altyd die bepalende. Dit moes op die kultuur 'n heilsame en kerstenende uitwerking hê. Die kultuur waaroor Wolmarans dit het is dus nie te verstaan sonder geloof en spesifiek die Christelike geloof nie. Daarom poog skrywer om uitgaande van die HAT-definisie by die uitbeelding van Wolmarans as Afrikaner kultuurmens 'n beskrywing te gee van sy eie gesinslewe, sy siening van die Afrikaanse taal, die geesteslewe van die Volk en dan ook die politieke lewe.

3.4 Die term *burgerlike godsdiens*

Skrywer gaan uit van die omskrywing van hierdie begrip soos gegee deur Van der Merwe (*Die Kerk* 1982:193-203). Hy maak dit duidelik dat daar “'n Babelse spraakverwarring” deur die term veroorsaak kan word (*Die kerk* 1982:193). Die debat oor *burgerlike godsdiens* vind hoofsaaklik in die 1970's plaas (*Die Kerk* 1982:193). Die sáák kan egter dwarsdeur die teologiesekiedenis voorkom. Die beskuldiging dat daar in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 'n vorm van volksteologie of burgerlike godsdiens posgevat het of posvat kom daarop neer dat Kerk en teologie gebruik word om sekere volksideale te bevorder. Kerk/teologie staan dus in diens van volk/land/staat. Dit is 'n ernstige aanklag. Om te toets of dit wel die geval is moet die volgende wat Van der

Merwe sê deeglik in ag geneem word. Dit bring die gevaar van subjektiwiteit in die opper van sodanige beskuldigings ook helder na vore:

Die verwyd dat ‘burgelike godsdiens’ neerkom op ’n bondgenootskap tussen godsdiens en maatskappy/burgery/gemeenskap/volk kan hoogstens dui op ’n oordrywing van die **verband wat daar altyd tussen dié twee groothede bestaan**. ... As sodanig is die term ‘burgerlike godsdiens’ dus misleidend en eintlik niksseggend Die aansprake dat daar dus in Suid-Afrika slegs een vorm van burgerlike godsdiens bestaan, te wete die Afrikaanse godsdienstigheid en teologiesering, berus op ’n wanopvatting en, op sy beste, ’n gebrekkige insig aangaande hierdie saak....

(Die kerk 1982:199; my beklemtoning)

Die vraag wat ons aan die einde van die uiteensetting van Wolmarans se sieninge sal moet vra is of hy die rol wat die kerk en Christelike geloof volgens hom in die Volk se kulturele lewe moet speel, oordryf het sodat daar sprake kan wees van ’n burgerlike godsdiens.

4. KORT LEWENSKETS

Die man H P Wolmarans kan nie anders verstaan word as teen die agtergrond van sy familiegeskiedenis en die omstandighede waarin hy grootword en leef (7 September 1894 tot 29 Desember 1980) nie. Hy stam uit ’n bekende Voortrekkerfamilie. Hy was van die sesde geslag in die land en sy oupagrootjie was F G Wolmarans, Voortrekker in die trek van Hendrik Potgieter en eerste voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Afrikanerfamilies 1993:173). Sy voor-geskiedenis was altyd vir hom belangrik. Die hede moes vir hom voortbou op die verlede.

Die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het vir Wolmarans as 6 jarige seun (saam met vyf broers en susters en hul moeder) aanhouding in die Volksrust(!) konsentrasiekamp beteken. Dogter Ansie vertel hoe haar Ouma-hulle by hulle tuiskoms op die plaas die afgevalle verrotte swart perskes (ná ’n klaarblyklike rekordjaar in hulle

afwesigheid) onder die bome opgetel en as koningskos gaar gemaak het! (Wondergem 1999:2).

Van Zyl (1992:364) beskryf die jongman se brandende begeerte om skool te gaan en die opofferings wat hy en sy ouers gemaak het om dit reg te kry. Hy matriculeer in 1916 en registreer as teologiese student aan die destydse Transvaalse Universiteits Kollege. Hy behaal beide 'n BA en MA-graad. “Om te kan studeer het hy as 'n groot voorreg beskou en weinig simpatie met mense gehad wat so 'n voorreg misbruik” (Van Zyl 1992:364). Enkele aanhalings uit die artikel van Van Zyl skets die agtergrond waaruit en waarteen H P Wolmarans studeer:

Die studente wat hulle in 1917 aan die TUK bevind het, is kort voor of in die Driejarige Oorlog gebore. Met trots het hulle gedink aan die Bittereinders en hulle stryd teen die oormag in die Engelse Oorlog. Die Eerste Wêreldoorlog was nog aan die gang en die rebellie, of soos dit soms ook genoem word, Gewapende protes van 1914, was nog vars in die geheue. Onder die studente is die eerste onmiskenbare tekens van 'n ontwakende Afrikaner-nasionalisme opgemerk.

(Van Zyl 1992:364-365)

Van Zyl gaan voort en haal C H Rautenbach aan wat hom 'n “aktivis” en “yweraar in sake van taal en kultuur” en “die Christelik-nasionale mens” noem (Rautenbach 1959:47).

Wolmarans word in 1921 georden as predikant in die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust. Hy tree in dieselfde jaar in die huwelik met Corrie Human van Ermelo. Sy is op Kersdag 1900 gebore in die Merebank konsentrasiekamp. Die egpaar het vier kinders gehad: Douw, Johanna, Ansie, en Willemina. Hulle verhuis opeenvolgend na:

- *Pietersburg 1927-1937*. In hierdie tyd studeer hy tydens studieverlof oorsee en promoveer met die proefskrif *God en mens, Deel I* aan die Rijksuniversiteit van

Groningen. Hy word ook dosent in die Departement Godsdienswetenskap en reis weekliks na Pretoria;

- *Boksburg 1937-1938.* Hier is hy gemeentepredikant van Boksburg, maar sit sy doseerpligte in Pretoria voort;
- *Pretoria 1938-1959.* Hy aanvaar die professoraat in Godsdienswetenskap en later ook Sendingwetenskap;
- *Johannesburg 1960.* Hy word – ná sy aftrede! – weer gemeentepredikant; en
- *Pietersburg 1961-1967.* Die emeritus word dosent aan die Stoffberg Teologiese skool.
- Van *1968-1970* was hy wéér predikant in die kombinasie Van Warmelo/Vivo/Dendron.

Met sy aftrede einde 1959, skryf ds A J G Oosthuizen ([1959]:46) as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering oor professor Wolmarans:

Hy het daarin geslaag om deur sy houding en optrede en ook deur sy persoon iets van ons voorvaders in die moderne tyd in te dra. Dit is seker een van sy groot verdienstes dat hy op 'n unieke wyse die gebondenheid van ons kerk, in die teenswoordige gejaagdheid om steeds nuwe aanpassings te verwerk, aan die stoerheid en eenvoud van die verlede verpersoonlik het ... Sy vaderlands-liefde en sy intense meelewing met ons volk in sy stryd om die erwe van ons vaders te behou, was 'n inspirasie vir sy studente en ons almal.

Wolmarans word gebore aan die einde van die negentiende eeu. Hy leef en beleef agt dekades van die twintigste eeu. In die negentiende eeu verloop die Kerk- en Volksgeskiedenis van die kerk en Volk waartoe Wolmarans behoort so dat die Nederduitsch Hervormde Kerk selfstandig, los van die Kaapse Sinode, in die Zuid Afrikaanse Republiek uitbrei en ook die kerkvereniging oorleef.

Die twee Boererepublieke verkry in die tweede helfte van die eeu hulle vryheid en onafhanklikheid. Die ZAR moes ook 'n oorlog (1880-1881) veg om dit ná 'n kortstondige verlies te herwin. Met die aanbreek van die twintigste eeu verloor hulle dit albei in die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902.

Wolmarans se voorgeslagte was intens met die Kerk én Volkstryd gemoeid. As sy predikantloopbaan in die derde dekade van die twintigste eeu begin, sit daar 'n liefde vir dit waarin hy gevorm is in sy bloed. Sy Volk se geskiedenis was vir hom 'n kultuurstryd om selfhandhawing en teregkoming. Terugskouend kan gesê word dat hy in 'n belangrike tydperk in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika predikant geword het.

Dit was 'n besonder belangrike tydperk in die geskiedenis van ons Kerk. Waar die tydperk wat voorafgegaan het, 'n tydperk van storm en drang was, het daar nou 'n tydperk van vreedsame ontwikkeling aangebreek. Wat met moeite en stryd uit die wrakstukke van die mislukte Kerkvereniging gered is, moes nou uitgebou en ontwikkel word. Dit het egter nie beteken dat alles maar so gemaklik en stil verloop het nie. Die kerkvereniging en sy droewige nasleep het die gemeentes agterdogtig gemaak, sodat hulle nie maklik die leiding van 'n predikant, veral 'n jong predikant, aanvaar het nie. 'n Predikant moes in dié dae eers baie oortuigend sy goeie trou bewys. Prof. Wolmarans het as jong predikant volkome hierin geslaag. Sy kalme, besadigde optrede, sy eerlike en ernstige lewenshouding het die vertrouwe gewen. Hy het dan ook al die jare die agting van sy gemeentes, sy studente en die hele kerk geniet.

(Oosthuizen [1959]:46)

Die geslag Afrikaner wie se lewenspan die grootste gedeelte van die twintigste eeu vul, beleef 'n merkwaardige geskiedenis! In die wêreldgeskiedenis vind twee wêreldoorloë plaas. In die landsgeskiedenis volg Uniewording 'n dekade ná die Engelse Oorlog teen die Boererepublieke; die Rebelle (1914), Depressie (1933), Simboliese Ossewatrek (1938), Bewindsaanvaarding van die Nasionale Party (1948), Republiekwording (1961) en die stigting van die Herstigte Nasionale Party (1969). Dit is breedweg die politieke ontwikkeling in Wolmarans se lewe. Lewenslank was hy intens daarin geïnteresseerd.

Die vraag is hoe hy as predikant hierdie belangstelling uitgeleef het. Skrywer se studieleier het opgemerk dat hy (prof S J Botha) teenwoordig was met die viering van prof Wolmarans se tagtigste verjaardag. By daardie geleentheid het die ou professor opgemerk dat predikante by die politiek betrokke móét wees. Maar hoe? Hyself, het hy

gesê, was betrokke by die stigting van twee politieke partye, maar hy was nooit *lid* van enige een nie.

Op kerklike gebied verskyn die Bybel in Afrikaans in 1933. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika groei en bloei op alle terreine van die chaos ná die Anglo-Boereoorlog tot 'n goed georganiseerde Kerk met talle gemeentes in 1980. Wolmarans het hierin as gemeentepredikant en professor geen geringe rol gespeel nie (Van Zyl 1992:363-379). 'n Volledige biografie sal eers hieraan krities kan laat reg geskied.

5. WOLMARANS SE TEOLOGIE

Vir die doeleindes van 'n voorlopige tipering van sy teologie (voor 'n deeglike analise van die nalatenskap van prof Wolmarans gedoen is), kan dit beskryf word as Kohlbruggiaans, Dialekties en Openbaringsteologie.

5.1 Kohlbruggiaans in oortreffende trap

Kohlbrugge leef van 1803 tot 1875, dus 'n geslag of wat voor Wolmarans. Vir Kohlbrugge is geloof om aan die Woord van God vas te hou en nié om iets te moet doen of te moet ervaar nie. Hy was gekant teen sowel die selfvertroue van die Verligting met sy hoogskatting van die menslike rede as die Piëtisme met sy hoogskatting van die menslike vroomheid. Die mens kan volgens Kohlbrugge slegs aan God se genade vashou omdat dit juis God is wat in die mens werk om daaraan te kán vashou. Daardie betroubare genade is in God se hand en kom nie uit die mens self voort nie (kyk Rasker 1981:109). Wolmarans verwys in sy proefskrif wat as *God en mens, Deel I* gepubliseer is, na Kohlbrugge met betrekking tot sy siening van die beeld van God in die mens. Hy deel nie die siening dat dit 'n skadubeeld is nie, maar spreek sy waardering vir Kohlbrugge uit as hy skryf: "... teologie wat vrae stel, onrus wek en die werklike lewensnood aanwys teologie wat terugryp na die geestelike diepte van die reformasie Dis die onrustige onrus wat die mens aanpak, eksistensieël, soos wat hy staan in sy lewensnood voor God, wat hom bewaar van alle selftevredenheid en selfgenoegsaamheid" (Wolmarans 1932:148).

Haitjema beskryf Wolmarans egter as nog meer Kohlbruggiaans as Kohlbrugge self. Wanneer hy in sy *Dogmatiek als Apologie* die *beeld van God* behandel bespreek hy Wolmarans se proefskrif en sê Haitjema (1948:47) dat Wolmarans die diskontinuiteit tussen God en mens oordryf:

Wolmarans is “plus Kohlbrüggien que Kohlbrügge”. Hij vindt Kohlbrügge en zijn vrienden lang niet consequent genoeg, waar zij nog keer op keer in de antropologische en pneumatiese verklaringswijzen van het beeld Gods terugvallen; opvattingswijzen, die Wolmarans als uitvloeisels van de heidensche-philosophische Grieksche invloeden op het Christelijk-dogmatisch denken waardeert.

Vir Wolmarans was die saak swart-wit: Van die kant van die mens kan geen prestasie [kultuur LJS] bydra tot die verhouding tussen God en mens nie. Alles is God se werk en sy genade. Soos Kohlbrugge laat hy geen plek “vir ’n natuurlike openbaring, natuurlike godskennis of natuurlike teologie” nie (Wolmarans 1932:149).

5.2 Dialekties: Brunner sterker gestel

In sy proefskrif behandel Wolmarans in hoofstuk 6 “proewe van na-Reformatoriese opvattinge van die beeld van God” (Wolmarans 1932:80-164). Onder die “Neo-Reformatoriese Teologie” bespreek hy die Kohlbruggegroepe en die Dialektiese Teologie. Onder laasgenoemde behandel hy Barth en Brunner. Wolmarans (1932:155) skryf:

... dat die verskillende lyne van die reformasie hier deurmekaar loop, is veral waar van die dialektiese teologie, wat in onse tyd, die tyd na die grote wêreldoorlog, só in die sentrum van belangstelling staan, dat haas iedere teoloog hom in ’n sekere mate rekenskap móét gee van sy houding, wat hy moet aanneem, en die posiesie wat hy moet kies teenoor hierdie teologiese rigting, wat meestal met vuur, met hartstog en met skerpe kritiek gepaard gaan.

Hy skryf dat die Dialektiese Teologie nog te jonk is om daarvoor 'n "afgeronde oordeel" (Wolmarans 1932:156) te fel, maar beskou Barh as die vernaamste verteenwoordiger daarvan. "Brunner is meer die godsdiensfilosoof en Barth die nuwtestamentikus-dogmatikus. Vir ons besef maak Barth meer erns van die Skrif as Brunner" (Wolmarans 1932:156).

Vanweë sy opdrag aan die Universiteit van Pretoria om godsdienswetenskap te doseer, gaan Wolmarans egter ten spyte van bogenoemde uitspraak by Barth verby, en konsentreer hy op die werk van Emil Brunner.

Die aanstelling van prof Wolmarans, eers as lektor en later as hoogleraar het 'n nuwe era in die teologiese fakulteit ingelui, in dié sin dat daar van toe af 'n nuwe klank verneem is, naamlik dié van die Dialektiese Teologie. Die nuwe klank is veral gehoor in die lesings in Godsdiensfilosofie wat eintlik 'n woordelike vertaling was met toegevoegde opmerkings en verduidelikings van Emil Brunner se *Religionsphilosophie evangelischer Theologie*. Ander werke van Brunner wat vir selfstudie voorgeskryf is, was *Der Mittler* en *Die Mystik und das Wort*.

(Van Zyl 1992:367)

Wolmarans vind egter ook vir Brunner nie konsekwent genoeg nie. Hy is van oordeel dat

Agter hierdie monisme [Brunner wat nie duidelik genoeg onderskei tussen die natuurlike gegewens soos verkry deur die ervaringswetenskappe en die bonatuurlike gegewens soos verkry deur die openbaring deur Gods Woord nie LJS] lê daar die monistiese wêreldbeskouing wat die absolute kwalitatiewe onderskeid tussen ewigheid en tyd, Skepper en skepsel, God en wêreld, eenvoudig ontken.

(Van Zyl 1992:369)

Kultuur is die onderwerp van hierdie skripsie. Kultuur val binne die kader van skepsel, tyd en plek. Uit bogenoemde aanhalings blyk dit duidelik dat Wolmarans nie ewigheids-waarde daaraan toeken nie. God se dinge oorspan dit en is belangriker.

5.3 Openbaringsteologie

Die Selfopenbaring van God aan die mens is direk van toepassing op ons ondersoek na kerk en kultuur. Kultuur is die somtotaal van die mens se geestelike arbeid.

Wolmarans hanteer *Die betekenis van die Openbaringsbegrip vir onse tyd* (Wolmarans 1938a) is sy professorale intreerede. Duidelik stel hy dit dat die mens nie met enige middele in of om hom na God kan klim om Hom te ken nie. God openbaar Homself in sy Woord aan die mens.

Wolmarans se opvolger aan die Universiteit van Pretoria, prof F J van Zyl, beskryf Wolmarans se intreerede uitvoerig (Van Zyl 1992:369-373). Twee aanhalings daaruit illustreer sy afwysing van natuurteologie en mensgerigte prediking:

Die aanvaarding van 'n natuurlike openbaring naas die openbaring van God in sy Woord, beteken vir Wolmarans die vermenging van geskape waarheid en skeppende waarheid, skeppende werklikheid en geskape werklikheid – twee waarhede en werklikhede wat absoluut kwalitatief van mekaar verskil. Skeppende waarheid en skeppende werklikheid is inhoud van Woordopenbaring en geloof, terwyl geskape waarheid en werklikheid inhoud van waarneming en wetenskap is. Afgodediens is die tipiese voorbeeld van 'n vermenging en verwarring van die twee. Om beelde van God te maak en te vereer, beteken om die geskapene te verhef tot beeld van God, wat tegelyk skepselvergoding en Godveragting beteken. In sy eie idioom sê prof Wolmarans: “Dis 'n halwies om halwies deel tussen God en mens, tussen Skepper en skepsel, Ewigheid en tyd” (Wolmarans 1938:12). Dat God die aanvulling van die mens is, sien hy as die oersonde van die mens wat soos God wou wees. Dit is die sonde van Rome met sy leer van natuur en genade waarvolgens die natuur deur die genade ondersteun en vervolmaak word.

(Van Zyl 1992:372)

In hierdie tyd en veral in Suid-Afrika met sy kontekstuele en ideologies-bepaalde teologieë bly dit behartenswaardige woorde wat Wolmarans gespreek het by die aanvaarding van die leerstoel in Godsdienswetenskap. Toe het hy beweer dat, in die teenstelling met die evangelieprediking, die prediking in die trant van die natuurlike teologie, nie die openbaring van God in sy Woord as inhoud sal hê nie, maar dat hierdie sogenaamde prediking wat eerder as kultuur-politieke opwekking getipeer kan word, hom altyd sal beroep op die openbaring van God in natuur, geskiedenis en mensegees. Wanneer die wil van God in ooreenstemming gebring word met natuur, geskiedenis en mensegees, is die gevolg altyd 'n oppervlakkige optimisme waar daar met die sondefeit nie rekening gehou word nie. Die wens wat hy toe uitgespreek het dat die mens hoe gouer hoe beter van so 'n optimisme genees moet word, is helaas nog nie verwerklik nie. Prof Wolmarans se konklusie ná behandeling van die openbaringsprobleem is skerp en onverbiddelik: Daar is van Christelike standpunt uit gesien geen natuuropenbaring nie, geen natuurlike Godskennis nie en geen natuurlike teologie nie. Die bestaan daarvan is denkbeeldig en spesifiek heidens.

(Van Zyl 1992:373)

Wolmarans het ook in die laaste van 'n reeks teologiese opstelle in *Woord en Waarheid* geskryf oor die openbaringsbegrip. Hy haal die spreuk *finitum non est capax infiniti* wat veral by die dialektiese teologie gewild was, instemmend aan om die artikel te eindig met

... die Oneindig Goddelike kan deur die eindig geskapene nie weergegee word nie, die eindige en beperkte skepsel kan nooit openbarende Beeld van die Skepper – Here wees nie en die eindiggeskapene kan nooit in iets goddeliks omgesit word nie. Wat skepsel is, bly skepsel en Wie Skepper is, bly Skepper.

(Wolmarans 1947:15-16)

5.4 Die invloed van bogenoemde op sy siening van kerk en kultuur

Die onderhawige studie wil toets of Wolmarans in sy artikels oor kerk en kultuur aan hierdie teologiese uitgangspunte getrou gebly het.

6. H P WOLMARANS SE EIE KULTUURLEWE

Na die negentiende-eeuse gebruik by baie Afrikaners het Hendrik Wolmarans baard gedra. Dit was altyd 'n yl baardjie. Hy sou daarin krap voor hy 'n weldeurdagte antwoord op 'n vraag sou gee. Vanuit sy Calvinistiese agtergrond het hy eerlik, ernstig en beskeie geleef en gewerk (Pont 1999:3). Sy rustige waardigheid het groot vertroue ingeboesem (Oosthuizen [1959]:46).

Almal wat hom persoonlik geken het, sal seker saamstem dat hy tot in sy ouderdom niks meer geniet het as om naby die Afrikaanse grond te lewe nie. Nêrens was hy waarskynlik meer gelukkig as in die pragtige Magoebaskloof wat hy as 't ware 'ontdek' het en waar hy kon plant en werskaf en in die letterlike betekenis van die woord boer kon wees nie. Die Afrikaanse bodem, die Afrikaanse saak met al sy aspekte van kultuur en politiek was sy groot belangstelling. Oom HP, soos sy studente van hom gepraat het, het hulle geleer dat *godsdien en kultuur onlosmaaklik met mekaar verbind is*. Die godsdien as geloofsbetrekking tussen skepsel en Skepper, word deur die mens as kultuurwese geleef. *Daardie kultuur word nie opgehef deur die geloof nie, maar dit word hervorm deurdat dit 'n kultuurlewe word wat in gehoorsaamheid aan God se Woord geleef word*. Hy het sy studente geleer dat 'n gelowige kerkmens nooit los van sy volk en vreemd teenoor sy vaderland hoef te leef nie. Hy wou liefde wek vir die nasionale, geografiese en kulturele ruimte waarbinne die kerk van die Here lewe.

(Van Zyl 1992:365, my beklemtoning)

Sy dogter Johanna vertel dat daar elke aand na aandete en huisgodsdien nuus oor die radio geluister is. Haar vader sou dan met hulle die gebeure van die dag bespreek en hulle telkens op enige vorm van propaganda bedag maak (Pohl 2001).

7. WOLMARANS SE SIENING OOR DIE VERHOUDING KERK EN KULTUUR

7.1 Die kultuurstryd van die Afrikaner

Die artikel *Die godsdiens in ons kultuurstryd* wat in 1938 gepubliseer word, is gebaseer op 'n referaat wat Wolmarans in 1935 voor die Afrikaanse Nasionale Studentebond hou. Hy val weg met die gedagte dat sonder stryd daar geen kultuur kan wees nie:

Ons gaan vanmôre uit van die veronderstelling dat u almal wat hier sit, van watter universiteit u ook afkomstig mag wees, belang stel in ons Afrikaanse kultuur, nee nog veel sterker, dat u almal as lede van hierdie studentekongres, deelnemers is aan die groot Afrikaanse *kultuurstryd* wat aan die gang is en *waarsonder van 'n eie kultuur nooit sprake kan wees nie*. In al sulke bewegings waar daar gestry word om die geestesgoedere te vermeerder of om die wat daar is, te handhaaf en te bewaar, is 'n vaste historiese uitgangspunt altyd 'n dringende noodsaaklikheid.

(Wolmarans 1938b:114, paragraaf 1; my beklemtoning)

In paragrawe 2-5 beklemtoon Wolmarans dat kultuurstryd 'n voortsetting van 'n historiese gebeure in die volkslewe is. Daarop moet voorgebou word. Self afkomstig uit 'n Voortrekker geslag en op die vooraand van die Trekeefees, kies hy die Groot Trek van 1836-1838 as daardie gebeure.

Hierdie Voortrekker is vir ons die liggende historiese figuur as 'n man wat sy man kan staan, al het hy hom maar met 'n sanna moes verdedig en al het hy 'n fluweel- of 'n velbroek moes dra. Dit geld nie alleen van die Trekker wat getrek het nie, maar ook van die geestelike Voortrekker wat deur omstandighede nie getrek het nie, maar agter gebly het in die Kaap om daar onder moeilike omstandighede dieselfde kultuurstryd voort te sit as sy medebroeder wat die Grootrivier vergoed oor getrek het.

In beeld voor ons geestesoog sal hierdie Voortrekker dan altyd staan as man wat geweet het wat hy wil en ook gewil het wat hy weet, doelbewus en

oortuig van die regverdigheid van sy saak, omdat hy gedra is deur sy nugtere- en vaste godsdienbeginsels, die allerkosbaarste kultuurskatte wat hy dankbaar geërf het uit die nalatenskap van die Hollandse kolonis en die Franse Hugenoot, kultuurskatte wat die wortels van hulle bestaan uitsprei tot diep in vastelandse bodem, waarby die land van 'n Willem die Swyger, die Vader van die Vaderland, altyd as die vernaamste gesien moet word.

Hierdie Voortrekkerfiguur met al sy geestesgoedere wil ons voor oë hou wanneer ons nasionale volksdae vier soos Dingaansdag en Krugerdag, maar ook wanneer ons soos vanmôre die vraag moet bespreek: Watter betekenis het die godsdien vir die kultuur en watter plek moet die godsdien in onse kultuurstryd inneem?

(Wolmarans 1938b:114, 115)

So word die Voortrekker vir Wolmarans die ideale kultuurstryder. Wanneer 'n saak die moeite werd was het Wolmarans self nie gehuiwer om daarvoor te stry, ja selfs te offer nie.

Hy skryf in 1936 (die jaar ná die referaat) op versoek van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van sy Kerk 'n inligtingstuk *Kommunisme en die Suid-Afrikaanse Vakunies* (Wolmarans [1930?]). Die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, Solly Sachs, dagvaar hom in 1943 vir laster na aanleiding van stellings in die inligtingstuk. In daardie jare was die Kommunisme nog nie in Suid-Afrika verbode nie. Hy het die saak verloor. “[E]n daarna het oom Wolmarans altyd swaar gekry” (Engelbrecht 1999:3).

Die Hervormer adverteer 'n soortgelyke pamflet van Wolmarans gedurende 1940. Dit was te koop by die Kerk se Administrateur teen 2/- (*Die Hervormer* 1940:5). Die inligtingstuk sowel as die hofsaak regverdig sekerlik 'n afsonderlike studie. Vir ons doeleindes kan dit alleen gemeld word dat Wolmarans nie vir stryd teruggedeins het nie. Hy het wat hy as bedreigend teen sy Kerk, Volk en die kerk beskou het, bestudeer en in geskrif daarteen geveg, tot selfs in die sale van die hof.

7.2 Die Afrikaanse taal

Taal is wesenlik deel van kultuur. As Reformatoriese teoloog sou dit ook vir Wolmarans belangrik wees dat die Volk a la Luther die Bybel in hulle eie taal moes hê.

In 'n oordenking by geleentheid van die verskyning van die Bybel in Afrikaans gebruik Wolmarans Johannes 1 verse 1-14. Eers teen die einde van 'n lang uitleg gee hy aandag aan die Bybelvertaling. Die Bybel is vir hom Gods Woord en dit is belangriker as die feit dat dit ook in Afrikaans beskikbaar word. Kultuur en nasionale gevoel is *ondergeskik* aan Gods Woord.

Die ontwikkeling van ons eie taal het egter meegebring dat 'n vertaling in Afrikaans 'n noodsaaklikheid geword het Persoonlik herinner ek my nog hoe in 1922 die oortuiging sterk geword het dat ons geen prulle werk wil hê nie, maar alleen tevrede sal wees met 'n vertaling uit die grondtale self Die beloning is dat ons binne nege jaar tyd ons eie vertaling van die Bybel het, waarvan ons u, veral t.o.s. die Oue Testament, kan verseker dat dit die bes offisieel vertaalde Bybel vandag is, vir die eenvoudige rede dat dit die jongste is en daarom gebruik kon maak van al die voordele van die wetenskap al moet ons ook beswaar maak teen die taal wat as "offiseel" beskou is, wat, na ons hoop, in die loop van die jare weer reg gemaak sal word. En so besit ons vandag ons Afrikaanse Bybel waaroor Afrikaners bly en waarop hulle trots behoort te wees. Ons vier egter fees vandag nie omdat alles nuwgeword is nie. Dis nog dieselfde ou Bybel wat die Woord van God is, wat ewig onverander bly. Vir die wêreldling of vir die naam-christen wat allen die Bybel sien as mensewood en die Woord van God daarin en daar agter nooit sal sien en hoor nie, is dit natuurlik iets nuws, iets hoogstens van kulturele en nasionale waarde. Vir die gelowige Christen bly dit wat dit was, n.l. Gods Woord.

(Wolmarans 1933:2)

Hy beskou die tipe Afrikaans wat gebruik is as van minderwaardige gehalte. Pont bring sy siening daarvoor soos volg onder woorde:

'n Ander interessante ding, terloops, is dat Wolmarans geen waardering hoegenaamd gehad het vir die 1933 vertaling van die Bybel nie. Hy't daarvan gepraat as 'n Gammat Bybel. Hy't gesê dis nie Afrikaans nie; dis Kaapse Afrikaans wat die Bybel in vertaal is. Wolmarans het byvoorbeeld nooit die datief (vir) in sy taal gebruik nie. Ek gee vir jou 'n present; hy't nooit so gepraat nie. Miskien het Wolmarans soos baie van ons Transvalers 'n meer Hollandse Afrikaans gepraat, maar die 'vir' wat jy kry in die Afrikaanse Bybel, interessant genoeg, as Wolmarans uit die Bybel uit lees het hy hulle nooit raakgesien nie. Hy het bo-oor hulle gelees, want dit is Kaapse Afrikaans; dis nie Transvaalse Afrikaans nie.

(Pont 1999b:9)

Wolmarans voel dus sterk oor die kulturele aangeleentheid van taal, maar steeds staan Gods Woord as *Gods Woord* voorop.

7.3 Die voorgeslag en die nageslag

Soos 'n refrein klink dit in Wolmarans se artikels: “Die Afrikaner is die nageslag van die Hollandse Geus, die Franse Hugenoot en die Suid-Afrikaanse Voortrekker “ (Wolmarans 1939b:116, 119).

Wolmarans was diep bekommerd dat die nageslag wegbeweeg van sy herkoms en voorgeslag se waardes. Hy praat selfs van 'n groterwordende ateïsme, nie in die sin van 'n verstandelike ontkenning van God se bestaan nie, maar van 'n lewenswyse asof daar geen God sou wees nie. “... en so word die eedsaflegging, waarby die mens voor die aangesig van die alwetende God geplaas word, uiteraard 'n ydele vertoning” (Wolmarans 1925:184).

In die twintigerjare was daar 'n aandrang om die burgerlike eed met 'n gewone belofte te vervang. Wolmarans protesteer daarteen dat oorweeg is om ter wille van diegene wat God nie meer eer nie, die hele samelewingsorde te verander. “Nie die blindes nie, maar die wat sien, moet die toon aan gee in onse maatskaplike lewe.” (Wolmarans 1925:185).

Die “vrome Voortrekkergeslag” (Wolmarans 1925:184; 1939:114) was vir Wolmarans ’n oriëntasiepunt in die geskiedenis. Dit blyk uit meer artikels as net uit sy Feesrede op Krugerdag in die Voortrekkereuefeesjaar (1938), wat in 1939 gepubliseer is (Wolmarans 1939b). “... hierdie Christelike nasionale lewensbeskouing “... wat eie is aan aan die Voortrekkervolk” moet (bewaar) bly, want dit is juis dit wat aan ons volk nog ’n roeping gee in hierdie deel van die wêreld” (Wolmarans 1939b:119). “Die Groot Trek was ’n geloofsaad en ’n daadwerklike uitbreiding van die Christelike beskawing in Suid-Afrika” (Wolmarans 1939b:119).

Die nageslag moet ook in die lig van Efesiërs 6:16 ’n geloofstryd stry. Die nageslag het ’n plig om voort te bou op wat hierdie voorgeslag bereik het (Wolmarans 1939b:115).

En daarom loop dit verkeerd. Daarom dreig die kultuurgebou om in mekaar te sak, nog lank voor dit voltooi is. En daar vind al die sektes hulle oorsprong, wat meer ’n kultuurgevaar dan ’n godsdienstige gevaar is. Die Amerikaanse geestesgesteldheid is ’n heel andere as die nugter Hollands-vastelandse. Die twee staan vreemd teenoor mekaar en is vaak met mekaar in stryd. Daarom sal ’n Amerikaanse gevoelsgodsdienst, wat subjektiwisties soos wat dit is, noodsaaklikerwys in allerlei sektariese rigtings moet vertak, altyd bots met ’n nugtere geloofslawe wat gebou is op Gods Woord as die bron, uitgangspunt en norm van ’n aan God toegewyde lewe, soos wat ons dit by die Voortrekker vind. En voordat dit hier nie in orde kom nie, sal die Afrikaanse protestantse kerk met verval bedreig bly en voordat die Afrikaanse kerk nie weer is wat dit was en wat dit behoort te wees nie, sal van ’n eie selfstandige kultuur in eintlike sin geen sprake kan wees nie.

(Wolmarans 1938b:121, 122)

7.4 Die belangrikheid van die gerigtheid van die kerk op die hele volk

Dit was Wolmarans se diepste oortuiging dat die kerk ’n taak het teenoor die hele Volk. Ná die Tweede Wêreldoorlog het die situasie aan die Fakulteit Teologie Afdeling A soos volg daar uitgesien:

Prof A S Geysers het prof J H J A Greyvenstein in 1946 as hoof van die Departement Nieu-Testamentiese Wetenskap opgevolg. Proff B Gemser en S P Engelbrecht was beide tot in 1959 hoofde van die Departemente Ou-Testamentiese Wetenskap en Geskiedenis van die Christendom. Hulle was Wolmarans se kollegas. Uit 'n brief vanaf die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering waarin hy opgeroep word vir 'n gesprek oor gespanne verhoudinge tussen die kollegas, blyk dat hulle by tye ernstige verskille gehad het (*Argiefbewaarplek P5 2.1.1*). Die onderwerp van die verhouding Kerk/kerk en Volk/kultuur/politiek was in die na-oorlogse jare vanweë diverse sentimente 'n belangrike verskilpunt. Dit regverdig waarskynlik 'n aparte studie.

In 1952 is prof B J Engelbrecht as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek aangestel. Die mondstuk van die Fakulteit was *Hervormde Teologiese Studies*. Engelbrecht is reeds voor sy diensaanvaarding as lid van die Redaksie opgeneem. Wolmarans was nie 'n redaksielid nie.

In 'n insiggewende persoonlike brief aan Engelbrecht sit hy uiteen waarom hy homself by 'n vroeëre tydskrif *Woord en Waarheid* skaar en nie lid is van die *Hervormde Teologiese Studies* nie.

Hierdie tydskrif [*Hervormde Teologiese Studies*] is in die lewe geroep as opposisie teen die tydskrif vir geesteswetenskappe. Kort na “Woord en Waarheid” bekend geword het, het Prof. Engelbrecht met die plan gekom om vir ons Kerk 'n Teologiese studie [doodgekrap] tydskrif op te rig en hy het ons medewerking gevra. Op 'n vergadering het ek my besware hierteen uiteengesit:-

Ons het 'n klein leserskring (teoloë) en daarom behoort ons die teologiese blad so op te rig dat alle teoloë in Suid-Afrika dit behoort te lees en nie net Hervormers nie.

Ons as Hervormers het 'n teologiese taak teen oor die hele volk. Ons kan deur so 'n tydskrif wat deur alle teoloë in S.Afr. gelees word hope goeie invloed uitoefen op die Suid-Afrikaanse teologie. Nou word ons geïsoleer, ons steek ons lig onder 'n “koringmaat”.

Ons volk is reeds verdeel en verbrokkel deur partye, deur die Kerkgenootskappe waarom moet ons teologiese ook nog verdeel word? Dit is

ons roeping teologies om die eenheid van die Christelike Kerk te bevorder in die bodem van ons volk. Ons moet Nasionaal wees en nie sektaries.

Maar hierdie besware het op dowe ore geval. Dit het nie om die teologie gegaan nie, ook nie om die Kerk nie en ook nie om die volk nie. Ek het eindelijk toegestem om te help aan die een sowel as aan die ander. Na drie maande, nog voor daar 'n uitgawe uit is, het hulle my gevra om te bedank as ek *Woord en Waarheid* nie wou bedank nie.

Daarom het ek later toe hulle my vra om weer toe te tree gesê: dat ek moeilik kan meewerk aan iets wat in twis en afguns gebore is.

(Wolmarans 1951)

Woord en Waarheid het 4 jaargange beleef vanaf 1944 tot 1947. Die redaksie het bestaan uit: Dr J D Bosman, Dr E P Groenewald, Dr J H Kritzinger, Dr P V Pistorius, Dr C H Rautenbach, Dr H M van der Westhuizen en Dr H P Wolmarans. In die redaksionele inleiding tot die heel eerste uitgawe word gestel:

Dit is wel waar dat “*Woord en Waarheid*” nie die eerste teologiese tydskrif is nie. Daar is etlike ander wat hom voor is. Tog voel “*Woord en Waarheid*” dat hom 'n eie en verhewe taak opgelê is. Trou aan die ideaal van die Teologiese Studiekring wil hy nie 'n blad net vir enersdenkendes wees nie, maar langs die beginsels van die Hollandse Kolonis en Franse Hugenoot, van die Kaapse Emigrant en Transvaalse en Vrystaatse Pionier, wil hy alles in sy vermoë doen om te kom tot 'n eie selfstandige Suid-Afrikaanse teologie. “*Woord en Waarheid*” wil hom in diens stel van die geestelik-godsdienstige belange van die Afrikaner-volk. Wars van alle onderlinge verdeeldheid stel hy hom ten doel om onnodige wrywing te vermy en te bestry en alleen te beklemtoon wat geestelike-godsdienstig saam moet bind. “*Woord en Waarheid*” wil dus beslis geen enge “rigting-blad” wees nie, wat egter nie as rigtingloos en koersloos aangesien mag word nie. Die positiewe en omsluitende rigting wat hy wil inslaan is die christelik-nasionale. Sy bron, grond en uitgangspunt is die Woord van God soos wat die Bybel dit ook was van die Boere-nasie dwardeur sy wordingsgeskiedenis. By al die verdeling en partyskappe mag die teologiese wetenskap nie nog 'n nuwe verdeling bring nie. Die wisseling van

gedagtes en die erkenning van verskil in opvatting sal in 'n eg christelike-nasionale atmosfeer die christelike teologie en die godsdienstige lewe van ons volk, nie verarm nie maar verryk. Dit stel "Woord en Waarheid" hom voor as sy ideaal. Mag die Koning van die Godsryk en die Here van die Gemeente op hierdie werk sy seën laat rus.

(*Woord en Waarheid* 1944:1)

H P Wolmarans was benewens oordenkings uiteindelik verantwoordelik vir die volgende bydraes:

- 1944 Die taak van die godsdienpsigologie vir die hede en die toekoms. *Woord en Waarheid* 1(1), 3-12.
- 1944 Die brief van Paulus aan die Galate. *Woord en Waarheid* 1(2), 24-35.
- 1945 Teologiese Opstelle 1: En neergedaal na die hel toe. (Godsdienwetenskaplik gesien). *Woord en Waarheid* 2(1), 4-7.
- 1945 Inleiding op die sektewese. *Woord en waarheid* 2(3), 69-73.
- 1945 Teologiese Opstelle 2: Wagter! Wat is daar van die nag? *Woord en Waarheid* 2(3), 84-86.
- 1946 Teologiese Opstelle 3: Christelike godsdienfilosofie. *Woord en Waarheid* 2(4)=3(1), 3-11.
- 1946 Inleiding op die studie van die nu-Testamentiese wetenskap. *Woord en Waarheid* 3(2&3), 35-47.
- 1946 Die Christendom in nood 1. Bolsjewisme of Russiese Kommunisme. *Woord en Waarheid* 3(4), 9-16.
- 1947 Teologiese Opstelle 4: Finitum non est capax infiniti. *Woord en Waarheid* 4(1&2), 10-16.

In die *HTS* het Wolmarans slegs 4 artikels laat publiseer, te wete:

[1946] Die analogia entis. *HTS* 3(1&2), 140-144.

[1960] Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS* 16(3), 231-239.

[1962] Menswaardigheid en menslike regte na aanleiding van die Skrif. *HTS* 18(3), 83-90.

[1966] Wat sê Maleagi van egskeiding? *HTS* 22(4), 46-47.

Die vraag kan seker gevra word of, te oordeel aan die bogenoemde publikasiedatums, Wolmarans makliker kon saamwerk met kollegas wat later aangestel is? 'n Biografie kan hieraan aandag gee.

7.5 Die Volk se geestestoestand

Paragrafe 6 tot 9 van *Die godsdiens in ons kultuurstryd* is belangrik in die beoordeling daarvan of Wolmarans burgerlike teologie bedryf het al dan nie. Duidelik nie, want dit wat met betrekking tot die Volk vir hom op die voorgrond staan is wat hy noem die *godsdienslike geestestoestand* van die Volk.

As ons in een woord die teenstelling moet aantoon tussen die godsdienssin van die Voortrekker en die van die deurgaans godsdienslike Afrikaner van vandag, dan sê ons dit só: die Voortrekker het op sy donker lewenspad altyd gevra na Gods Waarheid en na Sy Lig, na die Lig van Sy Woord. Die nageslag vra: Wat sê ek self daarvan, wat sê die lig van my eie woord en van my eie verstand en gevoel en wat die woord en verstand van my medemens?

Ek spreek dit as my diepste oortuiging uit dat die meeste van ons Afrikaners van vandag, in die diepste sin van die woord, geen behoefte meer het aan die Evangelie van Jesus Christus en Hy alleen nie. Dis my in die werk van evangelie-verkondiging deur ontwikkelde persone uit ons volk dan ook al gesê: maar vertel ons tog nou iets anders ook, ons is nou al moeg vir daardie een verkondiging: dat Jesus Christus die seun van God is.

(Wolmarans 1938b:116)

Alhoewel hy nie na die Dialektiese Teologie verwys nie, spreek hy sy kommer uit dat die een grondliggende saak skeefloop: Dit gaan in die kerk nie meer oor God nie, maar oor die mens. Die mens wat geen behoefte het aan die verlossing en die ewige lewe nie, maar

net in homself en die aardse lewe belangstel. Sonder 'n radikale verandering sal die lewensorde en –waardes, ja selfs die kerk, ineenstort (Wolmarans 1938b:115).

Wolmarans is bekommerd oor die *lekkergeloof, eiesinnige godsdiens, subjektiwisme* en *ateïsme* van sy tyd (Wolmarans 1925:184, 1938b:115).

Met allerlei veranderings op maatskaplik gebied, kom daar ook allerlei winde van leer en allerlei vorms van bygeloof en lekkergeloof, wat vaak alleen terwille van die nuwigheid met altwee hande vasgegryp word en wat intussen besig is om die nageslag van die Voortrekkers geestelik-godsdiensstig te verwoes. Gelukkig is daar tekens van beterskap. Mag hierdie voortrekkerjaar en die herinnering aan die Voortrekkers se godsdienssin hier ook 'n verandering ten goede bring.

(Wolmarans 1939b:118)

7.6 Kultuurbedreiginge

Wolmarans was daarvan oortuig dat kultuur en goddiens mekaar wedersyds kan beïnvloed. “Met vreemde kultuurelemente het ook vreemde godsdienselemente die land van die Trekkers ingestroom. Die geestelike swaard van Sir Harry Smith saai nog steeds dood en verderf onder die kinders van die Voortrekkers (Wolmarans 1939b:118).

In die dertigerjare was hy veral bekommerd oor die Amerikaanse godsdiensstige invloed. Hy skryf in paragrawe 10 tot 12 van *Die godsdiens in ons kultuurstryd* (Wolmarans 1938b:116-118) oor die groterwordende invloed van 'n subjektiwistiese/optimistiese/metodistiese godsdiens waar dit nie God is wat in genade na die mens uitreik nie, maar die mens wat sy eie heil uitwerk en sy standpunte by omstandighede aanpas.

Hierdie beginselloosheid op maatskaplik en politieke gebied wat soms in die mees roekelose bollemakiesieslanery openbaar word, het meestal 'n diep religieuse oorsaak. Die beginselvastheid kry die mens alleen wanneer sy godsdiens wat ingerig is na Gods Woord as die rigsgaander in sy lewe, hom staande hou. Dis die beginselvastheid en doelbewustheid wat die Voortrekker in sy lewe gekenmerk het en wat vrug van sy nugtere godsdienssin was.

(Wolmarans 1938b:119)

7.7 Voedingsbron vir die kultuur

Pont (1999a:35-36) haal paragrawe 10-12 van *Die godsdiens in ons kultuurstryd* aan om Wolmarans se denke te tipeer. Om die volkskultuur te beskerm en te laat voortbestaan is dit noodsaaklik dat die geloofslewe op die regte fondament sal staan.

Die fondament is nie dié sonder God nie. Ook nie dié waar die mens by God probeer uitkom nie, maar die weg wat uitgaan van God na die mens, waar God die mens in sy verlossende genade wegruk uit die mag van die ewige dood, hom opwek, hom op nuut skep en op nuut laat leef. Dis die vrome godskind wat deur God self bekeer is en wat, soos Paulus, altyd verbaas staan oor hierdie onbegryplike wonder van Gods onbeperkte genade, wat hom, arme mens soos wat hy is, wegruk uit die kake van die dood.

(Wolmarans 1938b:117)

Wolmarans lê dit voor die deur van die kerk dat hierdie enigste basis nie genoegsaam onder die Volk uitgedra word nie en daar dus allerlei sektes ontstaan vir die plesier van die mens self.

7.8 Internasionalisme en buitelandse politiek

Kultuur is nasionaal gebonde. Wolmarans beoordeel die siening dat die Nuwe Verbond 'n internasionalisme in die plek stel van die nasionalisme van Israel wat nou gekoppel was aan sy godsdiens, as 'n misverstand (Wolmarans 1939b:114). Teenoor kultuur is geloof egter “nie nasionaal nie en ook nie internasionaal nie, maar veeleer bo-nasionaal” (Wolmarans 1939b:114). Die Christelike geloof moet egter in 'n bepaalde nasionalisme inwerk. “'n Heidense nasionalisme bring onrus, onvrede en stryd, maar 'n Christelike nasionalisme sal die vrede bevestig” (Wolmarans 1939b:119).

Wolmarans wat self as kind onder oorlog gely het, was geen voorstaander van oorloë nie. Na aanleiding van Matteus 26:52 skryf hy in *'n Korte rede op Wapenstilstanddag* dat oorlog nie by beskaafde mense tuishoort en vir niemand enige voordeel kan bring nie. Hy beskryf verbonde tussen nasies om oorlog te verhoed as blote huige-

lary. Daar sit selfsugtige redes agter. Oorloë en siviele hofsake bring wedersydse ellende. “... almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan” (Wolmarans 1934:97-99).

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog wou die lidmate van die Afrikaanse kerke weet of die kerk die staat moet voorskryf oor neutraliteit al dan nie. Wolmarans skryf in *Die Hervormer* daaroor dat die kerk nié ’n vereniging van godsdienstige mense is wat net bestaan om die volk sedelik op te bou of die volkskarakter te help bewaar nie. So ’n kerk (en so ’n god) sou die Volk moes dien. “Die kerk voer geen oorlog nie en besluit ook nie oor die noodsaaklikheid om oorlog te verklaar of nie” (Wolmarans 1939a:11). Sou die kerk dit doen sal hy dienskneg van die staat wees.

Wolmarans weerhou nie sy eie opinie oor die Engelse wat die Afrikaner se aardsvyand is en geen respek het vir reg en geregtigheid nie. Vir hom persoonlik het die oorlog nie die betrokkenheid van Suid-Afrika geregverdig nie. Sy persoonlike gevoel oorheers egter nie sy siening dat die besluit om toetrede of neutraliteit ’n staatsbesluit is en nié ’n kerkbesluit nie.

7.9 Ander rasse en kulture

Wolmarans het ontsettend baie vir die sending gedoen. Nie alleen het hy sending-wetenskap doseer nie, maar hy het ook predikante vir die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika opgelei.

Waar so baie al oor apartheid gesê is, is dit tog goed om ’n slag weer die eie woorde van iemand soos H P Wolmarans (April 1968:11) te lees:

Want t.o.v. diskriminasie, in die sin waarin hy (’n Afrikanerleier tydens ’n toespraak in die buiteland – Wolmarans noem nie sy naam nie) die woord gebruik het, kan ons voor God en ’n Christelike gewete nooit verantwoord nie. Want in hierdie sin word onder diskriminasie verstaan: Die met veragting neersien op iemand anders vanweë sy andersheid en sy verskil met ons, sy ander kleur of ander kultuur of ander lewenspeil. Hy is vir ons minderwaardig en daarom verlang ons na geen gemeenskap van enige aard met hom natuurlik of geestelik nie. Dit spreek vanself dat hierdie diskriminasie by die medemens niks anders as ’n gevoel van die bitterste bitterheid kan opwek nie.

Die Calvinistiese Protestante wat na Suid-Afrika gekom het, het volgens Wolmarans nie net 'n gekerstende kultuur saamgebring nie, maar ook as gekerstendes (kerstenend) teenoor ander opgetree.

Hier het hulle die geloof gebring, dat God die Skepper is van alle rasse, volke en tale en dat op grond van die natuur alle mense voor God gelyk is en daarom was daar nooit enige sprake van diskriminasie nie. Die vernaamste reël vir die Christelike geloofslewe is: die wet van die liefde tot die naaste, wat voortkom uit die wet van: jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele verstand en met al jou kragte en dan jou naaste net soos jouself.

Hierdie Calvinistiese gelowiges het goed geweet dat die onontwikkelde rasse in Suid-Afrika almal skepsels van God is en dus vir hulle ook onder die naastes geval het, teenoor wie die plig van die liefde Godswil ook vervul moes word. Nooit het hulle getwyfel nie dat die Here ook vanuit hierdie gekleurde rasse diegene kan verkies om sy algemene gemeente van gelowiges saam te stel. En nooit het hulle probeer om die verskille van kleur, kultuur en beskawing te ontken nie, maar netso ook het hulle nooit beweer nie, dat hierdie verskille wat natuur-verskille is, dit sal belet dat hulle ook tot die gelowiges versamel kan word.

(Wolmarans 1968:11)

Die opvatting dat die evangelie-prediking alleen kan volg op 'n kulturele gelykmaking en maatskaplik-een-wees met die heiden, wat mens so dikwels sien by mense wat die verskil verloor het tussen die menslike kultuur aan die een kant en die Christelike evangelie aan die ander kant, het by hierdie Christen-gelowiges nooit voorgekom nie.

(Wolmarans 1968:11)

Wolmarans fundeer apartheid Skriftuurlik. “Ons het reeds gesien dat apartheid Christelik is en dat dit gebou is op die Christelike wet van die liefde tot die naaste. Maar dit nie alleen nie, dit is ook gebou op die hele Skrif, Ou en Nuwe Testament, as die ewige

Woord van God” (Wolmarans Mei 1968:11). Hierdie siening verdien ’n volledige ondersoek (eksegeties en andersins).

8. GEVOLGTREKKING

Selfs diegene wat van ander oortuiging is as wat H P Wolmarans was, sal moet toegee dat hy sy eie kulturele sieninge en akademiese geskooldeheid volledig geïntegreer het en oor jare konsekwent vanuit die Skrif as Openbaringsbron geredeneer het. Hy bly deurgaans getrou aan sy teologiese uitgangspunte (kyk paragraaf 4 hierbo). Hy omskryf en definieër nie altyd sy begrippe nie. Die leser moet dit vir homself uitmaak.

Uit ons studie het dit geblyk dat H P Wolmarans as Afrikanerteoloog nie sy teologie *in das blaue Nichtigkeit* bedryf het nie, maar erns daarmee gemaak het dat die Evangelie moet grondvat tot selfs in die politieke aspek van sy Afrikanervolk se kultuurlewe.

Is dit burgerlike teologie? Nee! Daar is geen sprake van nie omdat dit nie God/die Woord/die prediking is wat in die mens se diens is nie, maar altyd die mens as kulturele wese wat hom moet vorm en skik na die eise van die onbegryplike God. Burgerlike teologie volgens Van der Merwe se definiëring (*Die Kerk* 1982:193-194) is teologie wat poog om politieke en maatskaplike strukture godsdiensdig te onderskryf ter wille van volstreekte lojaliteit en die bevordering van nasionale selfbeeld en moreel.

Kultuur, volgens Wolmarans, gaan egter wel met stryd gepaard. Belangrik is om te let op die wyse waarop hy dié stryd wou voer. Hy het hom téén oorlog afgegrens, maar wou die Voortrekkerideale van handhawing en uitbouing van godsdiensdigte beginsels en kultuurskate nastreef. Daarvoor is die kerstenende invloed van die Evangelie en ’n deurleefde geloof só belangrik. Hy waarsku telkens dat hierdie positiewe invloed van die geloofsal verdwyn as die geloof self ondermyn word. Juis daarom deins hy nie terug om ’n anti-christelike ideologie soos die Kommunisme in geskrif en in die hof teen te staan nie.

Ten spyte daarvan dat Rautenbach ([1959]:48) hom ’n yweraar in taalsake noem, het sy bydrae nie soseer op die kulturele aspek van die Afrikaanse Taal gelê nie, maar teologies wou hy die geestelik godsdiensdigte belange van sy Volk dien. Veral met *Woord en Waarheid* wou hy ’n eie breë selfstandige Suid-Afrikaanse teologie vestig. Rondom

die Dialektiese Openbaringsteologie wou hy lidmate en teoloë en Volksgenote versamel. Daarom was hy so bekommerd oor die vervlakking wat mensgeoriënteerde teologieë meegebring het. Skrifgefundeerde beginsels was waaroor dit vir hom gegaan het.

Die vraag kan gevra word of Wolmarans nie by die Voortrekkers vasgehak het en hulle bo verdienste geïdealiseer het nie. Skrywer oordeel op grond van die onderhawige studie nie so nie. Wolmarans wou juis nie 'n swanesang oor hulle sing nie (Wolmarans 1939b:118), maar dit gaan vir hom oor die groot geheim van hulle lewe naamlik “die rotsvaste geloof en onwankelbare godsvertroue” (Wolmarans 1939b:115).

Hier aan die begin van die een en twintigste eeu met sy postmodernisme is dit goed om weer te lees wat 'n Voortrekkernasaat tydens die Voortrekkereeuftes en daarna gepubliseer het. Hy stel aan ons die vraag of ons nog in al die fasette van ons persoonlike/ kulturele/Volks-/Kerklike en kerklike lewe nog vanuit Gods Woord leef sodat ons as gehoorsame bekeerdes sal lewe.

9. Literatuurverwysings

Afrikanerfamilies: Op trek na ons eie 1993. s v Wolmarans, 172-175. (Aangehaal as *Afrikanerfamilies* 1993).

Beets, A & Muller, J W 1900. *Woordenboek der Nederlandsche Taal*. 5^e deel. Kaapstad: Juta.

Beukes, M J du P 1996. Androgogie: 'n Moontlike oplossing vir kerklike onderrig aan volwassenes in 'n multikulturele situasie. *HTS* 52(4), 910-930.

Botes, H J 1996. Die kerk se verantwoordelikheid teenoor die onderwys: Is Artikel X van die Kerkwet (1986) van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika teologies verantwoordbaar? *HTS* 52(4), 931-946.

Botha, S J 1996. Die *Corpus Christianum* in die Middeleeue. *HTS* 52(4), 800-819.

Breytenbach, A P B 1996. Die gebruik van die Ou Testament in die begroning van die kerk se Kultuurtaak. *HTS* 52(4), 693-714.

Die Hervormer 26 Junie 1940. Offisieël, bl 5. *Die kerk in die wêreld: 'n Bundel opstelle aangebied aan prof dr A D Pont by sy 25 jarige ampsjubileum*. 1982. Pretoria: Kital. (Aangehaal as *Die Kerk* 1982).

Dreyer, T F J 1996. Prediking en kultuur. *HTS* 52(4), 820-832.

- Dreyer, W A 1996. Kerk – Kultuur – Volk – Owerheid. *HTS* 52(4), 863-893.
- Engelbrecht, B J Junie 1999. Onderhoud gevoer met L J Strauss. Vanaf dikteerband getik. Skrywersbesit.
- Engelbrecht, J J 1996. Die houding van die Openbaring van Johannes teenoor kultuur. *HTS* 52(4), 894-909.
- Gouws, Kobie en Coetzee, Rina (reds) 1993. *Afrikanerfamilies: Op trek na ons eie*. Promedia: Pretoria.
- Haitjema, Th L 1948. *Dogmatiek als apologie: "Ik geloof in den God van Jezus Christus"*. Haarlem: Bohn.
- Knuttel, Jan 1916. *Woordenboek der Nederlandsche Taal*. 3^e deel 2^e stuk. Kaapstad: Juta.
- Koekemoer, J H 1996. Dogma en kultuur. *HTS* 52(4), 734-745.
- Kritzinger, M S B, Labuschagne F J, Pienaar, P de V, Rademeyer; J H, Steyn H A 1947. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. 2^e deel. Pretoria: Van Schaik.
- Muller, C F J 1985. *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. 3^e druk. Pretoria: Academica.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1995. Notule van die 64ste Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1998. Agenda vir die 65ste Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1998. Notule van die 65ste Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2001. Agenda vir die 66ste Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.
- Oberholzer, J P 1993. Die teologiese eie-aardigheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk: Vrae en nuanses. *HTS* 49(4), 870–886.
- Odendal, F F (Hoofred), 1979. *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 1^e uitgawe 9^e druk. Johannesburg: Perskor.
- Oosthuizen, A J G [1959]. By die uittrede van prof dr H P Wolmarans. *HTS* 15(2-4), 45-46.

- Pelser, G M M 1996. Die verhouding kerk en wêreld/kultuur in die lig van die Pauliniese “asof nie”. *HTS* 52(4), 715-733
- Pohl, J M Augustus 2001. Onderhoud gevoer met L J Strauss. Vanaf dikteerband getik: Skrywersbesit.
- Pont, A D 1987. Fakulteit Teologie. Afdeling A – Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in Spies, F J du T en Heydenrych, D H (reds), *Ad Destinatum II. 1960-1982: ’n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria*, 110–117. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Pont, A D 1960. Fakulteit Teologie. Afdeling A – Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in, Rautenbach, C H (eindred), *Ad Destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*, 164–170. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Pont, A D 1996. Kerk en kultuur by die vryheidsoekende Afrikaner van die 19e eeu: ’n Historiese ondersoek. *HTS* 52(4), 850-862.
- Pont, A D (Samesteller) 1999a. *Oorsig van die lewe en werk van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Groot Marico. 1923-1998*. Kerkraad: Groot Marico.
- Pont, A D Junie 1999b. Onderhoud gevoer met L J Strauss. Vanaf dikteerband getik: Skrywersbesit.
- Rasker, A J 1981. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795. Haar geskiedenis en teologie in de negentiende en twintigste eeuw*. 2^e hersiene en uitgebreide druk. Kampen: Kok.
- Rautenbach, C H [1959]. H P Wolmarans en die kultuurstrewe van die Afrikaner. *HTS* 15(2-4), 47-48.
- Rautenbach, C H (eindred) 1960. *Ad Destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Spies, F J du T & Heydenrych, D H (reds) 1987. *Ad Destinatum II. 1960-1982: ’n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Steenkamp, L J S 1996. Kerk en kultuur in ’n postmoderne samelewing. *HTS* 52(4), 746-764.
- Storm, J M G (red) 2001. *Almanak. Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Jaargang 95. Pretoria: SENTIK.

- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1984. *Afrikaanse woordelys en Spelreëls*. 7^e verbeterde uitg, 14^e druk. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Aarde, A G 1996. Kultuurkritiek, eerste-eeuse kulturele wysheid en die alternatiewe visie van Jesus van Nasaret. *HTS* 52(4), 833-849.
- Van der Merwe, P J 1982. “Burgerlike godsdiens” in Suid-Afrikaanse konteks: Teologies én godsdienswetenskaplik oorweeg, in *Die kerk* 1982, 193-203.
- Van der Merwe, P J 1996. Kerk en kultuur: ’n Godsdiens-teologiese perspektief. *HTS* 52(4), 671–692.
- Van Wyk I W C 1996. Het die kerk ’n politieke verantwoordelikheid? Oor die noodwendigheid en grense van die twee-ryke-leer. *HTS* 52(4), 765-799.
- Van Zyl, F J [1974]. ’n Blick op die lede van die ou fakulteit. *HTS* 30(3&4), 189.
- Van Zyl, F J 1992. Die lewe en werk van H P Wolmarans, teologiese dosent 1935-1959. *HTS* 48(1&2), 363-379.
- Wolmarans, H P s a. Wolmaransversameling. Verwysing: P5. Argiefbewaarpark van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. (Aangehaal as *Argiefbewaarpark P5*).
- Wolmarans, H P 1925. Die Burgerlike eed. *Almanak* 19, 184-194.
- Wolmarans, H P [1930] Kommunisme en die Suid-Afrikaanse Vakunies. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Wolmarans, H P 1932. *God en mens, Deel I: Die mens na die beeld van God*. Amsterdam: Muusses.
- Wolmarans, H P 1933. Oordenking by die geleentheid van die ontvangs van die Bybel in Afrikaans op 27 Aug 1933. *Die Hervormer* 24(7), 1.
- Wolmarans, H P 1934. ’n Kort rede op Wapenstilstanddag. *Almanak* 28, 97-99.
- Wolmarans, H P 1938a. *Die betekenis van die Openbaringsbegrip vir onse tyd*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Reeks IV:nr 12).
- Wolmarans, H P 1938b. Die godsdiens in ons kultuurstryd. *Almanak* 32, 114-122.
- Wolmarans, H P 1939a. Kerk en neutraliteit. *Die Hervormer* 30(56), 11.
- Wolmarans, H P 1939b. Krugerdag. *Almanak* 33, 114-119.
- Wolmarans, H P 1940. Die radio en die kerk. *Die Hervormer* 31(70), 16 & 18.

- Wolmarans, H P 1947. Finitum non est capax Infiniti. *Woord en Waarheid* 4(1 & 2), 10-16.
- Wolmarans, H P 1951. Persoonlike skrywe aan B J Engelbrecht gedateer 18 Junie 1951. Besit van prof dr B J Engelbrecht.
- Wolmarans, H P 1953. Goepsgebied en woonbuurtskeiding. Samevatting en referate, toesprake en besluite van SABRA 1952. *Die Hervormer* 44(8), 12.
- SABRA 1953. Die Christelike plig van die blankes teenoor die nie-blankes in SA. *Almanak* 47, 100-113.
- SABRA 1968. Die gronde vir apartheid. *Die Hervormer* April, 11 en 15; Mei, 11 en 23; en Junie, 9, 10 en 17.
- SABRA 1970. Gemengde huwelike: Besluit van die Gereformeerde Sinode daaroor. *Die Hervormer* 61(4), 17 en 18.
- SABRA 1972. Herdenkingsrede: Prof H P Wolmarans – 50-jarige ampsbediening. *Die Hervormer* 63(6), 4 & 5.
- SABRA 1974. Ons gee nie moed op nie. *Almanak* 68, 10-14.
- Wongergem, A Junie 1999. Onderhoud gevoer met L J Strauss. Vanaf dikteerband getik: Skrywersbesit.